# Voeding van ooie in intensiewe stelsels

Deur: André Bezuidenhout (Pr.Sci.Nat.), Feedtek

Klimaatstoestande die afgelope paar jaar, asook stygende verliese weens ongediertes, gee aanleiding daartoe dat boere toenemend met ooie boer in kombinasies van ekstensiewe en intensiewe stelsels. Sodoende kan die boer in kritieke tye beter voorsien in ooie se voedingsbehoeftes, terwyl lamverliese grootliks beperk word. Intensiewe stelsels vereis egter bykomende bestuursinsette en 'n verhoging in speenpersentasies om suksesvol en ekonomies te kan wees.

## Voedingsbehoeftes

Die ooi se kondisie in paartyd het 'n belangrike invloed op besetting en lampersentasie. Voldoende en gebalanseerde voeding tydens dragtigheid en laktasie is deurslaggewend vir suksesvolle reproduksie. Proteïen- en energiebehoeftes gedurende middel-dragtigheid is alreeds 40 tot 50% meer as dié van nie-dragtige ooie. Tydens vroeë laktasie is die proteïen- en energiebehoeftes van eenlingooie onderskeidelik 160 en 70 % hoër as dié van nie-dragtige ooie. Meerlingooie se behoeftes tydens laatdragtigheid en laktasie is 'n verdere 30 tot 45% hoër as dié van eenlingooie. Tydens laatdragtigheid en laktasie is die voorsiening van voldoende deurvloeiproteïen van 'n goeie gehalte deurslaggewend vir die inisiasie van en voldoende melkproduksie. Die gebalanseerde voorsiening van minerale en vitamiene is kritiek weens die belangrike rol wat dit vervul in suksesvolle reproduksie.

## Voedingsbestuur

Gedurende dragtigheid kan strategiese lekaanvulling op veldweiding suksesvol aangewend word om in die stygende behoeftes van ooie te voorsien. Indien ooie onder intensiewe toestande in voerkrale aangehou word, is dit belangrik dat hulle nie tydens vroeg- en mid-dragtigheid oorvet word nie. Dit is belangrik om ooie wat in lamhokkies of klein voerkampe gaan lam, ongeveer 3 tot 4 weke vooraf te begin aanpas op die laktasierantsoen. Wanneer daar begin word om slegs 'n volledige voer te voorsien, is dit baie belangrik dat ooie goed vreet en die rumen aangepas is by die veranderde voedingsomstandighede.

## Laktasierantsoen

Ooie se daaglikse voerinname neem af gedurende die laaste paar weke van dragtigheid, aangesien 75% van fetusontwikkeling in hierdie tydperk plaasvind en ooie fisiek nie voldoende rumenvolume beskikbaar het vir verhoogde inname om in vinnig stygende behoeftes te voorsien nie. Die laktasierantsoen se samestelling moet dus voorsiening maak vir laer inname tesame met stygende behoeftes.

Feedtek *Mutton Gainer 125* (V16141) is 'n konsentraat vir die gerieflike tuismeng van onder meer laktasierantsoene met die maksimale gebruik van plaaslik beskikbare voerbronne. *Mutton Gainer 125* bevat NPN saam met die noodsaaklike minerale en vitamiene in 'n gebalanseerde vorm om hoëgehalte- finale voere te verseker. 'n Laktasierantsoen bestaan uit die volgende: 400 tot 500 kg goeiegehalte-ruvoer, 350 tot 420 kg graanmeel, 50 tot 100 kg hoë kwaliteit oliekoekmeel en 32 kg Mutton Gainer 125. Die insluiting van 'n doeltreffende buffer sal voordelig wees. Die daaglikse inname van 'n laktasierantsoen wissel afhangende van die ooi se meerlingstatus en kan meer as 3,5% van die liggaamsgewig wees.

Vir meer inligting en voorbeelde van voere, skakel 086 111 5362, stuur 'n e-pos aan **info@feedtek.co.za** of besoek die webwerf **www.feedtek.co.za.**